



ELKE hond kry sy dag, sê 'n ou spreekwoord, en ons wil graag vir *Brak* 'n baie spesiale en belangrike persoonlikheid, aan julle bekend stel. Hy kan gehekel word om enige rol onder die son te vertolk, 'en ons gaan van nou af brei- en hekelpatrone plaas om vir *Brak* 'n fantastiese klerekas saam te stel.

Om mee af te skip (en watter egte Suid-Afrikaner wag nie dié tyd van die jaar daarvoor nie!) wys ons hoe spoggerig hy in die

HAAK

provinsiale rugbykleure lyk. Vat hom, *Brak-hond*! Haak hom, lak hom, *Brak*! Pale toe! En wat van die lekker ou Vrystaaaat! Transvaaaal! Prôwins! Moet darem ook nie die Blou-bulle en Piesangboere vergeet nie.

Die onderskeie patrone kan natuurlik aangepas word om by enige klub of skool se kleure te pas en boonop sal *Brak* 'n uitmuntende speelding vir 'n kind wees en 'n getroue maat vir elke tiener en student.



HOM, BRAK!



BENODIGDHEDE: Fiesta Hunky (50-g-bolle), 600 g wit, 200 g swart; hekelpen van 5,50 mm; tapisserienaald van 6 cm; 8 knope met deursnee van 6 cm elk; 2 dun, ronde skywe, met deursnee van 10 cm, Masonite, Perspex of baie dun laaghout, met 2 gaatjies van 5 mm elk, 1 cm uitmekaar, in middel geboor; wasbare speelgoedvuulsel; breinaalde van 3 en 4 mm vir mus en das.


MATE: Lengte van lyf 45 cm; omtrek van lyf by maag gemeet, ongeveer 72 cm; lengte van kop 40 cm; voorpote 25 cm; agterpote 30 cm; totale lengte wanneer speedling regop staan 80 cm.

SPANNING: Werk moet deurgaans baie styf wees om te vermy dat dit verrek.



foto's TREVOR BARRETT
Brak ontwerp deur
CLIVE THOMPSON
patrone ontwerp,
gehekel en gebrei deur
SARIE FREEMAN

Dit kos nou 25% minder om 'n goeie kok te wees.



Robertsons se nuwe 100g hervulpakkies bied jou dieselfde gehalte teen 25% minder geld. En hulle word in foelie verpak sodat hulle altyd vars kan bly.

Reem Robertsons se voortreflike kruie en speserye huis toe in hervulpakkies.

HAAK HOM, BRAK! VAN BLADSY 63

AFKORTINGS: Hekel: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; hlb - halflangbeen; st(e) - steek (steke); herh - herhaal; oorbl - oorblywende; alt - alternatiewe; vermeer - vermeerder (= hekel twee kortbene in volgende steek); vermin - verminder (= hekel twee onvoltooide kortbene in volgende twee steke en hou laaste lus van elkeen op hekelpen, slaan garing weer om hekelpen en trek deur albei lusse); 4kb beteken dat een kortbeen in elk van volgende vier steke gehekel moet word; vlg - volgende. Brei: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek (steke); ks - koussteek (= een ry regs, een ry aweregs); rif - riffelsteek (= een steek regs, een steek aweregs); tes - te-same

Let wel: Die knope, wat bedoel is om voor-en agterpote só aan lyf vas te heg dat die pote sal kan draai, word aan lyf vasgewerk namate jy vorder, d.w.s., die agterpote in 26e rondte en voorpote in 40e rondte en in 36e en 50e rondte moet hekelwerk onderbreek word om knope presies teenoor mekaar te kan plaas.

Knipe word só vasgewerk: Plaas een knoop aan binnekant en een aan buitekant van basis van lyf en werk hulle met 'n dubbele draad garing aan mekaar vas (die pote sal dan kan draai) met ongeveer 1 cm garing tussen knope. Draai garingrade dan drie keer om die verbindingsdrade tussen die knope om dit te verstewig en end dit af deur garing 'n paar keer styf te knoop voor dit afgeknip word.

Die poot sal later aan buitekant knoop vasgewerk word.

Die houtskywe wat in die benodigdhede vermeld word, word op dieselfde manier aan mekaar vasgeheg en word in posisie geplaas na die kop en lyf voltooi is.

LYF: 1e rondte: Maak 'n lus rondom linkerwysvinger en hekel 12kb in lus, trek los draad styf vas om lus te verklein. Moenie dit vaswerk nie maar hekel voort in rondtes en plaas 'n merker aan begin van rondtes.

2e rondte: 2kb in elke kb — 24 ste.

3e en alt rondtes: kb in kb.

4e rondte: (vermeer, 3kb) 6 keer — 30kb.

6e rondte: (vermeer, 4kb) 6 keer — 36kb.

Hekel so voort tot daar in 18e rondte 72kb is.

Hekel 32 rondtes reguit, maar plaas knope soos uiteengesit.

33e rondte: (gereken vanaf begin van reguit deel) (8kb, vermin) tot einde.

34e en alt rondtes: kb tot merker.

35e rondte: (7kb, vermin) tot einde.

Vermin op dié manier tot 30kb in rondte oorbly.

Hekel 3 rondtes reguit, ryg 'n dubbele garingdraad deur 30 ste.

Stop lyf so styf moontlik op — om te voorkom dat dit later verrek — tot bokant halsrand, trek nou die twee garingrade effens styf. Laat voorlopig eenkant.

Daar is nou die lyf met knope waar pote vasgeheg moet word en 'n opening vir houtskyf waar kop vasgewerk gaan word.

SWART KOL VIR RUG: Met swart, soos eerste 11 rondtes van lyf. Knip garing af en werk kol aan rug vas.

STERT: Begin met 10ks en hekel 16 rye — nie rondtes nie — kb.

Knip nou sowat 16 stukkies swart garing en soveel stukkies wit garing, elk 8 cm lank, soos benodig, en werk hulle met die hekelpen soos fraiings aan stertstuk vas, maar laat 5 rye vry. Werk nou lang kante so toe dat stert in 'n punt eindig en stop stert stewig op. Werk stert in posisie aan lyf vas.

KOP: Begin soos uiteengesit vir lyf, maar vermeer in elke rondte tot daar 54kb aan einde van 7e rondte is.

Hekel 12 rondtes reguit.

20e rondte: Plaas 'n merker; vermeer, (3kb, vermeer) 4 keer, plaas nog 'n merker en hekel voort in kb tot by eerste merker.

21e en vlg alt rondtes: Deurgaans kb.

22e rondte: Vermeer, (4kb, vermeer) 4 keer, kb tot merker en hekel so voort tot einde van 28e rondte, daar is dan 38kb tussen merkers.

Hekel 2 rondtes reguit.

31e rondte: 38kb, draai; 1ks, slaan 1 st oor, 34kb, draai; 1ks, slaan 1 st oor, 28kb, draai; 1ks, slaan 1 st oor, 24kb en draai.

Hekel nou kb oor al die steke en voltooi sodoende 31e rondte.

Hekel 2 rondtes reguit.

34e rondte: Soos uiteengesit by 31e rondte.

35e tot 42e rondte: Deurgaans kb.

43e rondte: (6kb, vermin) rondom.

44e rondte: (5kb, vermin) rondom.

45e rondte: (4kb, vermin) rondom.

46e rondte: (3kb, vermin) rondom.

Hekel 4 rondtes reguit, ryg twee drade Hunky-breigaring deur steke. Plaas houtskywe met deursnee van 10 cm vir halsstuk in posisie soos uiteengesit vir knope by pote. Stop kop baie stewig op en druk neus en voorkop in vorm. Trek deurgerygde garingrade styf om

NA BLADSY 127

HAAK HÖM, BRAK!

VAN BLADSY 78

opening in agterpant van kop toe te trek en werk baie stewig af.

OË: Merk posisie van oë, wenkbroue, ore en bek.

Hekel vir elk van dié ge-laastrekke 'n lang swart ketting soos benodig. Werk met naald en garing vas om 'n sirkel vir elke oog en 'n reguit lyn vir elke wenkbrou en bek te vorm (sien foto).

NEUS: Begin soos uiteengesit vir lyf, maak 10kb, vermeer tot 20kb en hekel 6 rye reguit. Stop neus met swart garing op (wit vulsel sal deurskyn) en werk by 3e rondte aan kop vas.

ORE (2): Hekel 16ks met swart, begin in 2e ks vanaf hekelpen en hekel 14kb, 5kb in laaste ks om 'n punt te vorm, 14kb oor 2e kant van basis-ks, draai.

2e ry: 3ks, 1lb in elk van vlg 14 ste, 2lb in elk van 5 draai-ks, 1lb in elk van vlg 14lb, draai.

3e ry: 1ks, kb in vlg 5 ste, lb oor 8 ste, 2lb in elk van vlg 10 ste, lb tot laaste 5 ste, kb tot einde.

4e ry: 13lb, (2lb in 1e st, lb in vlg 2 ste) 7 keer, lb tot einde. Moenie die werk omdraai nie, maar hekel 1 ry kb van links na regs vir afwerking. Knip garing af en werk netjies af.

Werk ore ongeveer 7 rye bokant die oë aan kop vas, en

nader aan mekaar.

HALSBAND: Rooi of swart. Hekel 60ks en dan 1 ry hlb, hekel aan ander kant van basis-ks een ry glijpsteek. Indien verlang kan 'n ry kb van links na regs oor albei kante gehekel word vir 'n mooier afwerking. Werk kort kante aanmekaar nadat halsband om hals geplaas is.

VOORPOTE: Soos uiteengesit vir kop tot daar aan einde van 5e rondte 42kb is. Hekel 3 rondtes reguit.

Vormpoot: 9e rondte: Vermin (1kb, vermin) 7 keer, 19kb — 34kb.

10e rondte: Vermin (1kb, vermin) 5 keer, 17kb — 28kb.

11e rondte: (vermin) 6 keer, 16kb — 22kb.

Hekel 5 rondtes reguit en stop ronding van poot styf op. Druk vulsel met steel van 'n houtlepel vas. Hekel nog 13 rye reguit.

****Aan kant wat lyf vasgewerk moet word: draai en hekel 6 rye reguit oor al die steke. Ryg twee drade garing deur borand, stop been van voerpoot stewig op, plaas borand om knoop en trek garing styf vas. Werk boonste opening toe, knip garing af en werk netjies af.****

AGTERPOTE: Begin by voet-sool.

1e rondte: 9ks, 3kb in 2e ks vanaf hekelpen, kb in vlg 6kb,

4kb in laaste ks, — draai om punt, kb in tweede kant van vlg 6 basis-ks (moenie met glijpsteek vasheg nie, maar hekel voort in rondtes.)

2e rondte: (vermeer in vlg 4 ste, kb in vlg 6 ste) 2 keer.

3e rondte: (vermeer, kb in vlg 2 ste, vermeer in vlg 2 ste, kb in vlg 2 ste, vermeer, kb in vlg 6 ste) 2 keer.

4e rondte: *(vermeer, 1kb) 3 keer, (1kb, vermeer) 3 keer, 6kb; herh van *.

Begin toonvorming: 5e rondte: 4kb, vermeer (2kb, vermeer) 3 keer, kb oor hak tot 1e vermeer by toon.

6e rondte: Vermeer (3kb, vermeer) 3 keer, kb rondom tot 1e vermeer.

7e rondte: Vermeer (4kb, vermeer) 3 keer, plaas merker by 1e en laaste vermeer. Hekel 4 rondtes kb en eindig in lyn met 1e merker — 20kb tussen merkers by toon. Plaas merkers by hak met 20kb tussenin.

1e ry: vermin (4kb, vermin) 3 keer, draai.

2e ry: 1ks, slaan 1 st oor, (vermin, 3kb) 3 keer, draai.

3e ry: 1ks, slaan 1 st oor, (vermin, 2kb) 3 keer — 10kb bly oor.

Hekel 8 rye reguit.

Hekel voort in rondtes oor 20 hak-ste plus 10 ste tot 5 rondtes voltooi is.

Werk bostuk aan sy kante

vas. Gebruik steel van 'n houtlepel om vulsel in poot vas te druk voor been gehekel word.

Hekel nog 17 rondtes reguit.

Hekel van ** tot ** soos

uiteengesit vir voerpote.

Borduur tone: Merk posisie van drie tone met 'n speld en met 'n baie lang naald — 'n paknaald is die beste — en swart garing dubbel, werk 'n paar steke deur vulsel en trek garing baie styf vas om tone van mekaar te skei (sien foto). Gaan so te werk met elke poot.

TRUEIE VIR BRAK

BENODIGDHEDE: Vir een truitjie: 100 g Mirage vierdraadgaring (25-g-bolle), of 150 g Mirage DK (25-g-bolle). Breinaalde vir DK: 3,50 mm vir riefelboord en 4 mm vir koussteek. Öfbrei dit op 'n Empisal of Singerbreimasjien, maar brei boordjies met die hand en DK-garing. Indien verlang: 2 pèrelknopies en 5 drukkertjies per truitjie.

MATE: Om borsmaat van ongeveer 72 cm te pas; lengte 29 cm; omtrak van mou 23 cm; mounaaf 12 cm.

SPANNING: Handbreiwerk (vierdraadgaring): 26 ste en 34 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 3,25-mm breinaalde.

NA BLADSY 146

WENNERS VAN RENAULT-KOMPETISIE

Die drie gelukkige lesers wat elk 'n splinternuwe Renault gewen het, is: 1e prys — mev.

D. Beukes, De Kokstraat,

CEDARVILLE; 2e prys — mev.

W. Maré, Rooielsstraat 1169,

MÓREGLOED en 3e prys —

mev. E. J. van Rensburg, Relief-

straat 89, POTCHEFSTROOM.

Versigtig ry!

GRATIS 9CT GELUKBRINGERS!

Kry 'n gratis gelukbringer met elke kleurvolle juweliers katalogus wat u bestel. Die katalogus bevat 'n groot verskeidenheid van ons verskillende ontwerpe.

Stuur asseblief R6 plus 60c AVB om posgeld en verskeringskoste te dek, aan:

E. W. POSBESTELLING

6DE VLOER,
FEDERATED INSURANCE HUIS,
SMITHSTRAAT 320, DURBAN, 4001
TEL: (031) 3048011 AA

INKLEUR-WENNERS

Hierdie slim seuns en dogters het ons prettige Mr en Miss Soapy Inkleurkompetisie gewen:

Trudie Smith — Kimberley Semi-sport Meisiesfees; Eddy Gardner — Pretoria BMX; Beate Vermaak — Pretoria Walkman; Henkie Stockenstrom — Kimberley Walkman; Ilona Burchardt — Pretoria kamera; Willemien van der Merwe — Pretoria kamera; C. Stoltz — Welgedag Digitale Horlosie; Darren Holcomb — Pietermaritzburg Digitale Horlosie; Madelaine Schamrell — Cradock Digitale Horlosie; Tracy Farrow — Johannesburg Digitale Horlosie; Shohm Wormgoor — Lyndhurst Digitale Horlosie.

Veels geluk en beste wense aan julle almal!

Met liefde van

MR & MISS SOAPY

SPESIAAL

vir die

Bruid

TROUKAARTJIES

en alle bykomstighede

Die modernste en mooiste kaartjies, oorspronklik en volgens u eie smaak

Stuur R2-00 posgeld vir 'n volledige voorbeeld-album — wat vir twee weke tot u beskikking is

CHRISSET DRUKKERY

Afdeling 2

Posbus 422 PARYS 9585
CD/1/R

UNION TILES

Hier is een uit ons ontsaglike reeks van gylvaste Terrazzo-teëls in ons Mediterranean Serie.



(Ontwerp Nr. 630 WCNT)

Leweransiers in al die hoofsentra

Besoek ons toonkamers en besigtig die grootste reeks van vloer- en muurafwerkings wat in die Republiek ten toon gestel word

UNION FLOORING TILES (EDMS) BPK

North Reef-weg (naby Makro)

Bedfordview-oos, Germiston Kode 2008

Telefoon: 53-7900

Pos aan: (Union Flooring Tiles (Edms) Bpk)

Posbus 84, Bedfordview, 2008, Tvl.

Pos my asseblief kleurblaadjies met jongste ontwerpe en idees

NAAM

ADRES

KODE TEL NR

RR/17/4/85

Gewigprobleme

VAN BLADSY 55

Inspuitings

Daar word van twee soorte inspuitings gebruik gemaak.

Sommige dokters gebruik 'n hormoon-inspuiting wat vervaardig word van die APL-hormoon wat deur swanger vroue afgeskei word. Dit word met 'n baie streng dieet gekombineer.

Die inspuitings word 20 dae lank daaglik toegedien. Daarna word dit sowat 'n week lank gestaak voor met die volgende reeks inspuitings begin word. Tydens die behandeling mag 'n persoon byvoorbeeld geen vetterigheid inneem of lipstifflie gebruik nie. Die tande mag net met 'n spesiale soort tandepasta geborsel word.

Die hormoon het geen uitwerking op die metaboliese prosesse of hormonale werking van die liggaam nie, en voorkom blykbaar dat die vel sakkerig en plooiërig word as 'n persoon te veel gewig verloor.

Sommige dokters maak gebruik van 'n inspuiting wat net daarop gemik is om 'n pasiënt se bloedsuiker te normaliseer sodat hy nie so gou honger word nie. Dié inspuitings word slegs een keer per week toegedien, en ook gekombineer met 'n baie streng dieet. Dit is aansienlik goedkoper as die APL-hormooninspuiting.

Die inspuitings word opgevolg met 'n instandhoudingsdieet waartydens die liggaam gekondisioneer word om geleidelik weer aan meer kos gewoon te raak sodat skielike gewigtoename nie kan plaasvind nie.

Wat die dokters sê

Hoewel daar al baie oor die inspuitings gekla is deur pasiënte wat beweer het dat hul metabolisme belemmer is en

hulle na so 'n behandeling vinniger as ooit gewig aangesit het, sê dokters dat dit geen gevaar inhou as reg te werk gegaan word nie.

"Die meeste pasiënte dink dat hulle onmiddellik nadat hulle hul normale gewig bereik het, soos voorheen kan begin eet en steur hulle nie aan die instandhoudingsdieet nie," sê 'n dokter wat self die inspuitings toedien.

"Omdat die liggaam nie meer gewoon is aan so 'n groot hoeveelheid kos nie en die vetselle nog nie behoorlik kans gegun is om te krimp nie, word die meeste daarvan onmiddellik weer in vet omgesit."

'n Dokter by die Vetsug-kliniek sê dat hulle wel baie goeie resultate met die metode verkry het, maar dat hulle nog nie presies weet watter rol die inspuiting in die geweldige gewigverlies speel nie.

"Dokters is egter geneig om pasiënte met die metode uit te buite, maar aan die ander kant dien die hoë onkoste as 'n motivering om end-uit met die dieet vol te hou."

Wat die pasiënte sê

Mnr. B. Lehman van Johannesburg was heeltal radeloos oor sy gewig toe hy verlede jaar in Julie besluit het om met die inspuitings te probeer maer word. Drie maande later was hy 23 kg ligter, het sedertdien nog niks swaarder geword nie en eet deesdae net wat hy wil.

"Maar," sê hy, "ek het die dokters se instruksies noukeurig gevolg en is natuurlik deesdae baie aktiewer as wat ek was voor ek die gewig verloor het."

Volgende uitgawe: Vroue vertel van hul stryd teen vratsug.

VAN BLADSY 144

"Wag, laat ek gaan kyk," sê sy en stap behoedsaam in die rigting van die groot kameeldoringboom.

"Cliff . . ." sê sy toe sy naby die boom kom.

Geen antwoord nie. Sy stap tot by die boom.

Die masjiengeweer lê omgestamp, en 'n entjie daarvandaan sien sy sy hoedjie op die grond lê.

Ursula was in haar lewe nog nooit so bang nie. Sy plak die skinkbord net daar neer en hardloop terug huis toe. Renier is nog nie terug in die sitkamer nie.

Renier staan daar by sersant Kloppers. Hy het die skinkbord op die masjienskap van die jeep neergesit en lê met mening weg.

"Cliff . . . hy is weg!" sê sy.

Die twee mans kyk na haar.

"Weg?" vra die sersant. "Het hy nie dalk net 'n draai gaan loop nie?"

"Die masjiengeweer lê onderstebo, en sy hoed lê daar eenkant."

Die twee mans bly altwee 'n oomblik stil.

"Die ligte?" vra Renier.

Sersant Kloppers skud sy kop.

"Kom ons gaan kyk eers," sê hy. Hy begin om die huis stap, sy wapen in sy hande.

Dan volg Ursula, en Renier vorm die agterhoede.

Die gedreun van die masjien demp enige geluid wat hulle kan maak.

By die boom gaan hulle staan. Alles is nog net soos Ursula dit gesien het

"Staan agter die boom," fluister die sersant en begin voetjie vir voetjie vorentoe beweeg.

Hy gee een tree, staan stil, luister, en beweeg dan weer.

Ursula het 'n knop in haar keel "O hel!" hoor sy sersant Kloppers saggies sê.

Toe Ursula stip soontoe kyk, sien sy dit ook. Terselfdertyd knal daar 'n skoot. Iewers in die donker sien sy 'n oomblik 'n vuurvlam.

(WORD VERVOLG)

HAAK HÖM, BRAK!

VAN BLADSY 127

(DK): 18 ste en 26 ste = 10 x 10 oor koussteek met 4-mm-breinaalde. **Breimasjien:** (Vir vierdraadgaring) S8 vir koussteek en S5 vir rifelboordjies. Vir breimasjien en dubbelbreigaring moet elke alt naald by S9 gebrei word en gewiggies moet aan werk gehang word, en rifelboordjies moet met die hand gebrei word.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - (steke); ks - koussteek; rif - rifelsteek (= een steek regs, een steek aweregs); vlg - volgende; alt - alternatiewe; weersk - weerskante.

STREEPVOLGORDE: (raadpleeg foto): WESTELIKE PROVINSE. Blou en wit strepe, met

4-draad, wissel al om die 6 rye. Met DK, elke 4e ry. **SPRINGBOK:** Groen, met geel kraag en mouboordjies. **TRANSVAAL** en **NATAL:** 36 rye hoofkleur, 18 rye kontraskleur, 36 rye hoofkleur met 4-draad en 28 rye hoofkleur, 12 rye kontraskleur, 28 rye hoofkleur met DK. **VRYSTAAT:** Wit, met geel kraag en mouboordjies.

By alle truuie is kraag en rifelboordjies van moue in kontraskleur.

HALWE AGTERPANT (2 eenders): Plaas strepe soos hierbo uiteengesit. Die getal ste vir DK word in hakies na die van 4-draadgaring gegee.

Stel 52(37) ste op en brei 10(8) rye rif. Brei 54(40) rye ks en plaas merkers aan weersk om mousgate aan te dui. Brei

nog 36(28) rye ks en heg af.

VOORPANT: Stel 94(64) ste op en brei soos uiteengesit vir agterpant tot mousgatmerkers. Plaas merkers in werk en brei 24(18) rye reguit voort.

HALSVORMING: Brei 37(26) ste, heg 20(14) ste af, brei voort oor laaste 37(26) ste soos volg: Brei 1 ry, draai; heg 2 ste aan halsrand af, brei tot einde. Herh dié 2 rye tot 28(18) ste oorbly en heg af. Brei tweede skouer om ooreen te stem. Werk skouernate en synate tot by merkers toe.

MOUE: Stel 61(45) ste op en brei 10(8) rye rif. Brei 36(28) rye ks en heg af. Werk mounaat toe en werk moue in posisie in mousgate vas.

KRAAG: (indien benodig): Stel 45(35) ste op, brei 34(26) rye ks

en heg af. Vou kraag oorlangs dubbel en werk rande alkante aan mekaar vas. Werk kraag aan halsrand vas.

KNOOPSTROOK: Stel 7(5) ste op en brei 34(26) rye ks. Heg af.

Werk knoopstrook aan halsrand van voorpant vas om halsopening voor te stel, werk knopies op knoopstrook vas.

HALSSTROOK (TVL): Stel 100(72) ste met rooi op, brei 6(4) rye ks en heg af. Werk aan halsrand vas.

SWEETBAND OM RONDOMKOPTEPAS: Stel 10 ste op en brei ks tot verlangde lengte. Werk kort rande aan mekaar vas na band oorlangs dubbel gevou is. Werk lang rande aan mekaar vas. Werk drukkertjies in posisie vas. ●